Navrae
Enquiries MNR. I.J. MORKEL
IMibuzo

Telefoon
Telephone (021) 467-2000
IFoni

Faks
Fax (021) 467-2996
IFeksi

Verwysing
Reference 13/12/6/B
ISalathiso 20000728-0004

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0112/2000

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR), HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS, AREA- EN KRINGBESTUURDERS EN VAKADVISEURS

**BELEID OOR GODSDIENSTIGE OF KULTURELE VAKANSIEDAE BINNE SKOOLKWARTALE**

1. In paragraaf 3 van Omsendbrief 101/99, gedateer 13 September 1999, oor die skoolkalender en openbare vakansiedae in skoolkwartale vir die jaar 2000, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement aangedui dat die vergunning om 'n godsdienstige of kulturele feesdag wat nie 'n openbare vakansiedag is nie te vier, ingetrek is.

2. Prinsipale en beheerliggame van skole se aandag word egter daarop gevestig dat die **Nasionale Minister van Onderwys in Staatskoerant 20945, gedateer 1 Maart 2000, Nasionale Beleid vir die Ontwerp van Skoolkalenders vir Gewone Openbare Skole in Suid-Afrika bekend gemaak het**. Daarvolgens mag 'n beheerliggaam van 'n skool by die Onderwyshoof aansoek doen om die sluiting van die skool vir 'n maksimum van twee dae per jaar vir die viering van godsdienstige gedenkdae, sport- en kulturele dae.

3. GODSDIENSTIGE GEDENKDAE

3.1 Ingevolge voormelde beleid mag die beheerliggaam van 'n skool besluit om die skool te sluit vir die viering van godsdienstige gedenkdae, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) Die meerderheid van die leerders moet lede van die betrokke godsdiensgroep wees.

(ii) Die skool mag slegs vir 'n maksimum van TWEE dae per jaar vir die doel van godsdienstige gedenkdae gesluit wees.

(iii) Indien die maksimum van twee dae per jaar vir die doel van godsdienstige vieringe gebruik word, is dit in die plek van die twee dae wat toegestaan is vir sport en kultuur soos in paragraaf 5 aangedui.



PROJEK 166-GEBOU, HANS STRIJDOMLAAN 22, PRIVAATSAK X9114, KAAPSTAD 8000
PROJECT 166 BUILDING, 22 HANS STRIJDOM AVENUE, PRIVATE BAG X9114, CAPE TOWN 8000

(iv) Skole moet hulle aktiwiteite prioritiseer wanneer keuses gemaak word oor watter dae die skool sal sluit.

(v) Die beheerliggaam van 'n skool moet skriftelik via die kringbestuurder by die areabestuurder aansoek doen om te sluit en moet die volgende besonderhede verstrek:

- die grootte van die godsdienstige meerderheid in die skool (getal en persentasie van die skoolbevolking);
- die dag / dae waarom aansoek gedoen word;
- hoe die dae waarop die skool gesluit sal wees vir sodanige godsdienstige feesviering ingewerk sal word.

(vi) Skole wat om godsdienstige redes sluit, moet steeds die goedgekeurde minimum aantal skooldae vir die provinsie handhaaf.

3.2 Beheerliggame van skole moet verseker dat die meerderheids- godsdienstige groepe binne die skoolgemeenskap geensins benadeel word nie. Leerders wat aan minderheids-godsdienstige groepe in skole behoort, mag die geleentheid gebied word om twee erkende godsdienstige dae van skool afwesig te bly. Leerders wat om godsdienstige redes nie die skool op hierdie twee skooldae bywoon nie, moet op die betrokke dae as aanwesig gemerk word. Hierdie leerders moet ook nie akademies benadeel word omdat hulle afwesig was nie, - eksamens of toetse moet byvoorbeeld nie vir die dae waarop hulle afwesig is, gereël word nie.

3.3 Opvoeders wat 'n godsdienstige feesdag wil vier wat op 'n skooldag val, behalwe in die geval waar die skool gesluit is op grond van 'n goedkeuring in paragraaf 3.1, is verplig om aansoek te doen om vakansieverlof vir sodanige feesviering.

4. SPORT- EN KULTURELE DAE

4.1 'n Maksimum van twee dae per jaar mag toegestaan word aan skole vir die viering van 'n sport- of kulturele dag. Beheerliggame van skole moet by die areabestuurder aansoek doen om goedkeuring om sodanige dae vir sport- en kulturele geleenthede te mag gebruik.

4.2 Areakantore moet rekord hou van die getal aansoeke wat van skole ontvang is, die name van die betrokke skole, die redes vir sodanige aansoeke en die getal aansoeke goedgekeur.

5. Bogenoemde maatreëls sal van toepassing wees vanaf die begin van die 2001-skooljaar.

6. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes te bring.

B.P. O'Connell

**B.P. O'CONNELL**
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 22/8/00